

18 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 51 (Agtergrond: 2 Samuel 11, 12)

Fokusgedeelte: Psalm 51:14, 15, 18, 19

Prys die Naam van ons HERE!

Die sonde het die geneigdheid om jou te isoleer. Jy verloor perspektief. Jy raak verstrengel soos Jona in die seegras van jou eie sonde. 'n Spiraal van kwaad tot erger. Om dit op te som: ingewikkelder in plaas van eenvoud. Die sonde laat jou op ander dinge fokus, dit laat jou jou doel mis!

Ons lees in 2 Samuel 11 van koning Dawid se gruwelike daad deur moord en owerspel te pleeg. Oomblikke in sy lewe waar sy voete na die duistere paaie van die sonde afgedwaal het. Die een fout het na 'n ander gelei. 'n Begeerte tot owerspel en owerspel tot moord. 'n Bose kringloop! In Jakobus 1:14-15 lees ons van hierdie *moederlike geslagslyn van die dood*. Die sonde se doel is die dood. Dawid se lewe het vanweë die sonde ingewikkelder begin raak. Onnodige sonde-bagasië is saamgesleep. Hy het die owerspel met Batseba probeer toesmeer deur sy beplande moord op Uria. *Intenser & ingewikkelder!* Verstrengel in sy eie sonde! Dawid het *eerstens* probeer skuil agter sy *koninklike troon* en daarna het hy begin skuil agter sy *geestelike mure* wat hyself opgerig het (Jes. 59:2).

Deur die profeet Natan is Dawid se sonde ontbloot. Gedring deur God se Gees, gebring tot 'n sondebeseft! Dit is waarvan ons hier in Psalm 51 lees: Dawid se rou, Dawid se seer, Dawid se verootmoediging voor die HERE. Want hy het beseft ... sonde is *altyd* teen God gerig! Dawid het beseft sy grootste nood is sondenood: *Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë!* Dawid beseft en bely sy sonde voor die HERE. So is Psalm 51 uit die stikdonker nag van Dawid se sonde gebore. Voor hom staan die afgrond van die hel ... agter hom is alle ontsnaproetes *deur die HERE* toegemaak. Sy hande is vol bloed! Sy troon is besmet! Sy eer het in skande verander! Wat nou? In plaas van om verder te swyg ... om meer mure om sy lewe en sy sonde te bou ... begin die yskors om sy sondige hart, deur God se Gees, te smelt! Hy word tot erkenning en tot berouvolle belydenis gedring. Hy sê in vers 3: *Wees my genadig, o God!* Hy bely sy skuld. Voor God staan Dawid skuldig, maar deur God se genade in Christus vrygespreek! Die Heilige Gees het sy verstand verlig (vs 7).

Hy beseft dat die sonde sy keuses negatief beïnvloed het. Die Gees laat hom na binne kyk. Die HERE sê in vers 19 wat Hy soek: *Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!* Die HERE het deur sy Woord en Gees deur Dawid se klipharde hart gebreek! Hy het dit kom oopbreek tot verootmoediging. 'n Gees van hoogmoed oopgebreek tot 'n gebroke gees. 'n Verharde hart oopgebreek tot 'n gebroke en verslae hart!

Die HERE vra op grond van sy Woord aan ons 'n hart wat na Hom roep. 'n Hart wat nederig voor sy Woord buig. 'n Gebroke hart wat ootmoedig sy skuld erken, bely en berouvol voor die HERE buig! Daarom sê die HERE deur die mond van Jakobus: *God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.*

Sing: Psalm 51 en Psalm 32 (Totius)

Ds. GJ Erasmus (Vryburg)